Saterdag 27 April

Skrifgedeelte: 2 Korintiërs 5:11-21	**Fokusgedeelte: Johannes 18:8**

Aanvaar die versoening met God wat Hy bewerk het!

Wat ’n diepe geheimenis! God se werke in en deur Jesus Christus. So word daar in ons fokusgedeelte vir ons baie meer oorgedra as wat ons met die lees daarvan besef. In hierdie woorde van Jesus word aan ons die diepste geheim van sy plaasvervangende, sy borgtogtelike lyde tydens die kruisiging geopenbaar. Want daarmee gee Hy te kenne dat die dissipels verskoon moet word, maar geensins Hyself nie. En aangesien God self gerig gaan oefen, hoor ons hierin die bede wat ’n mens laat huiwer:

“O God, spaar hulle, maar nie vir My nie. Laat hulle dan vry uitgaan, o God, maar slaan My met die roede van u grimmigheid. Kom dan met u gerig, o Regter, en laat niks en niemand My in die pad staan om die gerig op te vang nie. Ek wil agter geen omstandigheid skuilgaan nie; hier is Ek, Ek kom om u wil te doen, o God.”

Op die vraag waarom die wagte nie ook die dissipels van Jesus gevange geneem het nie, vind ons hierdie antwoord. Die verskonende woord van Jesus was ’n bevel, hulle moes gespaar bly om bouers te word van die Nuwe-Testamentiese kerk.

Maar die woord verleen ook vryspraak aan alle gelowiges. Dit was ons Borg wat ten opsigte van óns gesê het: *Laat hulle weggaan*. Wat ’n aanbiddelike wonder! Die beker wat ék moes drink, die kelk van God se grimmigheid wat ék moes ledig, bring Hy eiehandig na sy lippe. Hy laat Hóm gésel, bespot en bespuug – vir my. Hy laat Hom kruisig in my plek. Die dissipels en almal wat glo, leef by dié roerende waarheid: Hy het vir óns gely en gesterf en daarom kan ons vry uitgaan.

Nooit hoef ons te dra wat Hy gedra het nie, naamlik die las van die ewige toorn van God. Ons kan nou wandel in die vryheid waarmee Hy ons vrygemaak het – Hy, wat waarlik mens en waarlik God is, Hý het in ons plek gestaan!

Aanvaar hierdie versoening met God wat Hy bewerk het!

Sing: Psalm 98-1:1, 2

Ds. JE Franck (Blok) (Ladysmith)